



Die Boodskapper

Facebook: Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpieerneeef.co.za

Preekboodskappe

Hoe kry ek weekliks die preek en hoe bly ek op datum met gemeentelike aktiwiteite?

- Daar word weekliks 'n kort video van die preek op Facebook gesit. Gaan "like" gerus ons Facebookblad om ons daar te volg.
- **Die volgende is beskikbaar op die Whatsapp-goep:**
 - Die volledige preek word per pdf sowel as 'n klankopname weekliks deurgegee.
 - Die Boodskapper met die nuutste gemeente nuus EN met **weeklikse Bybelstudiestukkies** is ook beskikbaar op pdf. Die besonderhede van die bankrekening is ook hierop beskikbaar om jou weeklikse dankoffer oor te betaal.
 - Elke week neem Angelique voorsangliedere op met die nodige woorde sodat ons lekker lofprysing kan doen by die huis. Gebruik dit gerus op Sondaeoggende voor die diens of wanneer julle huisgodsdiens hou!

Neem asb kennis: Die WhatsApp-groep is geadminbeheerd. Stuur asb jou naam en telefoonnommer aan 0768411568 as jy wil deel word, daar sal 'n "link" vir jou aangestuur word. Om by die groep aan te sluit, "click" net op die "link".

Stuur asb die preke aan vir die persone wie jy weet nie toegang tot die internet het nie!

Gebedsbediening

- **Bid** teen die verspreiding van die Covid-19 virus. **Bid** vir die mense wat dit onder lede het en waarmee dit nie goed gaan nie. **Bid** vir die gevolge van die verlengde "lock down" op besighede, kerke, gesinne, die ekonomie en die gezondheidstelsel. **Bid** ook vir die regering en president wat in hierdie tyd belangrike besluite moet neem. **Bid** dat hulle in afhandlikheid van God se leiding sal ootree. **Bid** dat ons as landsburgers sal saamstaan en mekaar ondersteun sodat ons die las op mekaar sal ligter maak. **Bid** vir elkeen vir wysheid, geduld en vrede. **Bid** vir ons gesondheidswerkers en die mense wie hulleself moet blootstel sodat die noodsaaklike dienste kan aangaan. **Bid** vir die mense wat werk aan teenmiddels en entstowwe wat die virus kan stuit.
- **Bid asb** vir Mauritz Visagie wat hierdie week in die hospitaal opgeneem is. (072-152 1224).
- **Bid** vir Lindie Le Roux wat Chemo kry. (012 333 8373).
- **Bid** vir ons ouers en kinders, waar die skoliere reeds met tuiswerk vir die nuwe kwartaal begin het.
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here op in hierdie tyd.

KAN ONS VIR JOU BID? Indien jy 'n behoefte het aan voorbedding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).

1 Tesselonise 5:11 "Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen".

Verjaardae die week:

| | | | | |
|------|-----|----------|-------------|--------------|
| 13/1 | Me | Cecilia | De La Rey | 084-629 2342 |
| 13/1 | Mej | Annelize | Korff | 084-478 1635 |
| 15/1 | Mej | Anrélene | Du Plessis | 079-082 3492 |
| 16/1 | Mnr | Karel | De Villiers | 060-665 7706 |
| 17/1 | | Heinrich | Kok | 012-333 2610 |

Gemeente Verjaardagweek (27 Sept- 4 Okt)

Ons gemeente word 30 September 70 jaar oud! Ons wil graag die week van die verjaardag 'n klomp lekker dinge saam doen om God se genade en liefde vir ons te vier. Om dit werklik 'n **gemeentefees** te maak, wil ons graag hoor **HOE julle** die verjaardag wil vier. Enige idees en voorstelle is welkom.

Daar is 'n hele week opsy gesit om as gemeente lekker saam te kuier. So laat julle gedagtes gaan rondom aktiwiteite/byeenkomste/optredes en saam kuier geleenthede in hierdie tyd. Ons hou Woensdagaand (30 Sept) 'n dankdiens en 4 Okt vier ons saam die nagmaal in die erediens. Verder kan die week gevul word met 'n gemeentekonsert, saam eet/braai/kuier, dalk 'n potjiekos kompetisie en optredes van gaskunstenaars (dalk ook 'n fondsinsameling?)...

Ons het nou juis tyd om 'n bietjie te dink oor hoe ons die gemeente se verjaardag wil vier. Kom ons sit ons koppe bymekaar en reël 'n lekker saam kuier-geleentheid (sommers ook om op te vang vir al die geleenthede wat ons saam met mekaar gemis het!). Daar sal in die komende weke kans gegee word om idees uit te ruil, maar indien jy solank 'n idee wil deurgee wat jy nie wil vergeet nie, stuur 'n sms aan ds Grobler (076 841 1568).

Ondersteuning van Leraar

Die leraar is steeds op haar selfoon beskikbaar gedurende die "total lock-down" periode. Pastoraat en ondersteuning word steeds verleen. Tegnologie soos WhatsApp video oproepe, Skype of selfs net 'n telefoonoproep kan met groot vrug gebruik word.

Advertensies



Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneeef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneeef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

Sien uit om van julle te hoor!

Dorkas se Kombuis

Nuus uit ons kombuis:

Voor die "Lockdown" kon ons 6 pakkies pak (2 vir elke gesin) om groot verligting te bring in die krisistyd. Dankie vir almal wat daar gehelp het om pakkies af te lewer en te pak!

Daar is ook Vrydag 10 April, 40 kospakkies afgelewer aan die karwagte (een gesin het 2 pakkies ontvang). Die inhoud van die pakkies was ongeveer R178, 75 in waarde gewees. Maal dit met 40 en dan is dit duidelik, dat soos altyd, was die gemeente se harte oop

Elke pakkie het bestaan uit (ek gebruik vrydag se aankooppryse so plus minus ongeveer omtrent): 1 kg suiker R13, 1 kg rys R 12, 1 kg meel R 10, 450g konfynt R 15.75, Sanitêre ware R 7,50, 2 pakkies sop R 7, Seep R 8, Tandepaste R10, Toiletpapier R 3,50, Koekies R 9, Soya (500g) R 16, 50, Pasta R 8, Bully beef R 15, Aanmaakkoeldrank R7, Baked beans R 8, Kerrie groente R10, Koffie/tee R17 en Sout R 1,50

MAAR WAG DAAR IS NOG GOEIE NUUS.....

Ook die kosskenkings ontvang op 10 Apr het dit moontlik gemaak om weer 10 pakkies vir die karwagte te kon pak. Die pakkies se inhoud was basies dieselfde as die vorige keer se pakkies, maar die keer kon ons ook vir elkeen 1 bottel olie inpak

Ons kon ook vir 1 gesin pak met 1 klein seuntjie. Daar was soveel bederf items Goeie Vrydag wat ons ontvang het: chips, koeldrank, beskuit, 2 minute noodles, tuna, shredded chicken breasts (soos 1 tuna blikkie, maar net hoender) en blikkies sop. Aangevul met ons gewone voorraad, rys, mielie-meel, pasta, bully beef, konfynt, blikkies groente, soppe, seep, toiletpapier ens. kon ons ook die gesin se nood ligter maak en die klein mensie so bietjie bederf

Ons gemeente, vriende en familie wie Dorkas se kombuis kaste vol hou, is werklik die lig vir ander in die moeilike tyd

Ontelbaar baie dankie en blessings aan elkeen. Marlie

Omgegroepe/Huisgodsdien

Lees saam: 1 Pet. 1: 3 – 9



Agtergrond:

Die gelowiges waaraan geskryf word in hierdie gedeelte word onderdruk & vervolgd. Petrus skryf dan die brief om die gelowiges te bemoedig en te versterk. Die rede waarom hulle deur die heidene onderdruk en vervolgd is, was omdat die gelowiges verspreid gewoon het, in klein gemeenskappe en hulle van die heidene afgesonderd het. Die beskrywing "vreemdelinge in die wêreld" haak baie aan by een van die sentrale temas in die Filippense boek, dat die gelowiges burgers van die hemel is en daarom leef vir en na 'n nuwe koninkryk. Die ware nuwe volk van God wat verstrooid lewe in 'n heidense samelewing en omgewing en hulleself daarom op aarde as vreemdelinge beleef omdat hulle hul ware tuiste in die hemel het.

Die troos: "Verheug julle hieroor selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings". Kerkwees was vir hierdie mense nie maklik gemaak nie, dit was verseker 'n groot uitdaging in hulle omgewing. Hulle was sosiaal verwerp, by hulle werke verdruk en in die algemeen deur mense bespot. Wat so mooi is om hier te sien is dat hierdie mense gelei deur die Gees so uitgestaan het in hulle lewe gegrond in die waarheid en hoop van die Evangelie van Jesus, dat hulle so radikaal uitgestaan het tussen mense. Op grondvlak was hulle daaglikse vervolgd, hulle het egter geleef in die hoop van wat hulle ware realiteit was.

Dit was hulle realiteit: - In die liefde van God het hulle nuwe lewe in Jesus v. 3. - Hulle het die hoop op die ewige lewe deur Jesus verwerf v. 4. - Deur die krag van God word die wat glo veilig bewaar v. 5. - Hulle het reeds deel aan die ewigheid van God v. 8-9. Die ewige realiteit van Jesus wat verlos en die verhouding met God die Vader wat herstel in 'n nuwe lewe met 'n nuwe koninkryk wat ewig is, is wat elke gelowige se daaglikse realiteit is. My uitdagings: Baie keer in jou lewe word jy uitgedaag en beproef. Wat laat 'n mens staande bly? Die ewige realiteit van Jesus wat verlos en die verhouding met God die Vader wat herstel in 'n nuwe lewe met 'n nuwe koninkryk wat ewig is, is wat elke gelowige se daaglikse realiteit is.

Vandag:

Tans word ons ernstig uitgedaag deur die Covid 19 virus, die realiteit is dit maak saam kerkwees baie moeilik. Hoe gaan ons in hierdie tyd reageer? Daar is 'n paar dinge wat ons elke oomblik moet onthou: - Ons hoop was nog nooit in aardse welstand, liggaamlike gesondheid of voorspoed nie maar in Jesus. Dit is 'n ewige hoop wat nie beskaam nie. Dit kan nie weggevat word nie. - Die Vader versorg in liefde. - Die geboue sluit, maar die kerk bly oop want jy is kerk. - Nou juis word die kerk wat deur liefde gekarakteriseer moet word geroep om daardie liefde in diensbaarheid uit te leef! - Dit is donker en ons roeping is om lig te wees!

Gesels saam:



- Wat is op die oomblik vir jou die grootste beproewing in jou lewe?
- Wat is jou troos en bemoediging in uitdagings?
- Na Aanleiding van 1 Pet. 1, hoe moet gelowiges kyk na besproewings?
- Stel jou aksieplan op: Hoe gaan jy dinamies kerk wees in die 'lockdown' tyd van Covid-19?



Doen tyd: (Ons oefen ons geloof op 'n praktiese manier)

- Dink aan praktiese maniere om mekaar daaglikse te bemoedig in moeilike tye.
- Hoe gaan ek hierdie week my swaarkry op só manier hanteer dat ek 'n getuie vir Christus kan wees?
- Skryf bemoedigende versies/boodsappe/beloftes van God op papiernotas en plak dit êrens in julle huis op waar julle dit gereeld kan sien.
- **Onthou asb om jou dankoffer te gee sodat die werk van God se gemeente kan voortgaan.**

Geloofsgewoontes vir kinders en gesinne

Skep 'n roetine vir jou huis wat die gesin heeldag in pas met God hou. Skep eenvoudige geloofsgewoontes wat jou telkemale terug bring na God toe. Jy kan natuurlik op jou eie manier en styl oomblikke in jou dag inruim om stil te staan by God. Hier is 'n paar idees wat jy saam met die gesin (vir al met kinders) kan doen:

- **Opstaantyd**

Kies 'n liedjie, Bybelteks of seëngebed wat julle elke oggend met opstaantyd met mekaar kan deel.

- **Badkamerspieël**

Plak 'n papier op die badkamerspieël met hierdie woorde daarop: "Die Here het my skoon gewas. Ek is gedoop." Sê dit sommer hardop elke oggend.

- **Vertrek en aankoms**

Maak 'n kruisie op mekaar se voorkoppe en herinner mekaar dat Jesus by julle is wanneer julle nou vertrek. Of groet mekaar met 'n high five en die woorde: "Jy is great! Jy is God se kind!" Gee mekaar altyd 'n drukkie wanneer julle by die huis kom.

- **In die motor**

Stel 'n speellys saam om in die motor te luister wanneer julle saam iewers heen ry.

Soek elke dag na iets langs die pad wat julle aan God herinner.

- **Eet saam**

Maak plekmatjies met 'n seëngebed daarop wat julle tydens of voor elke ete saam kan bid.

Maak 'n familiekers wat julle elke aand kan aansteek. Plak 'n spesiale teksvers (soos 1 Kor 10:31) op die kers en lees dit saans saam.

Breek een keer per week 'n broodjie as simbool van Jesus se teenwoordigheid by julle.

- **Slaptyd**

Bid voordat julle gaan slaap.

Deel iets wat iemand in die gesin gedoen het waarop julle trots is.

Raak gerus betrokke!

Hier is die kontakbesonderhede van die persone wat jou kan help met jou vrae, of om deel te word by ons Gemeente-aktiwiteite.

Pierneef-Groen: Groentetuin: ds Poullet (076 841 1568) of Thea (082 561 8245) **Herwinning:** Steve: 072 137 4407

Omgeegroep: Bybelstudie (Woensdae om 9:30 in die konsistorie) **Bybelskool** (Woensdae om 18:30 in die konsistorie) **Kleingroep** (Donderdae om 18:30)- ds Poullet (076 841 1568) **Huis/Hospitaalbesoek:** ds Poullet (076 841 1568)

Belangegroep: Martmarias : Natie (083 527 9613) **Boekeleen:** ds Poullet (076 841 1568)

Vrouediens: Sandra (061 930 6540), Esme (082 297 0654) of Zelde (072 397 9553)

Erediensbediening: Musiekbediening: Angelique (074 766 7049) **Blomme en Liturgieseruumte:** Yvonne (084 433 3921) **Multimediaia:** Paul (084 632 4364)

Jeugbediening: Sandra (061 930 6540),

Barmhartigheid en Sending: Louis Botha **Kinderhuis:** Sandra (061 930 6540) **Dorkas se Kombuis:** Marlie (082 331 0591) **Motorwagte-uitreik:** Calla (082 455 2976)